**GERAT OM JOU RYBEWYS TE BEKOM/TE HERNIEU?**

**HIER'S 'n HANDIGE KONTROLELYS OM DIE WEG TE HELP BAAN**

Volgens wet moet alle openbarebestuurspermitte en rybewyse onderskeidelik elke twee of vyf jaar hernieu word. Die meeste mense sien op teen hierdie proses en beskou dit as ingewikkeld en tydrowend – al te meer as jy vir die eerste keer aansoek doen en boonop eers 'n leerlinglisensie moet bekom.

Verkeershoof, Rudi Fraser, wil graag aan almal die versekering bied dat sy afdeling uit hulle pad gaan om te verseker dat dié proses so glad moontlik verloop. En, met 'n tikkie samewerking van die publiek, kan dit boonop in die korste moontlike tyd afgehandel word. Hy het ook 'n bietjie advies vir jong volwassenes: "Om 'n rybewys te bekom, is 'n groot mylpaal in enige iemand se lewe, en soos dit alle groot prestasies in die lewe betaam, sou my raad wees om dit so gou as moontlik agter die rug te kry."

Voor jy vir jou volgende afspraak met die Verkeersafdeling aanmeld, werk deur hierdie handige kontrolelys om seker te maak jy verstaan hoe die proses werk en dat jy alle nodige dokumente en gelde byderhand het.

**AANSOEK OM LEERLINGLISENSIE**

1. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. 2 x ID-foto's
    c. R68 betaalbaar by aansoek
2. Vul afdelings A, B en D op blou vorm in (swart pen)
3. Doen aansoek by Kassier 3 of 4
4. Wag vir oogtoets
5. Meld weer by Kassier 3 of 4 aan om afspraak te maak

**UITREIK VAN LEERLINGLISENSIE (TOETS GESLAAG)**

1. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. R30
    c. Indien 'n duplikaat-leerlinglisensie verlang word, 'n addisionele R33 plus 2 x ID-foto's
2. Meld aan by Kassier 3 of 4

**AANSOEK OM NUWE RYBEWYS (1STE KEER)**

1. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. 2 x ID-foto's
    c. R200 vir swaar motorvoertuie

    d. R135 vir ligte motorvoertuie
    e. R135 vir motorfiets
2. Vul afdelings A, B en D op groen vorm in (swart pen)
3. Doen aansoek by Kassier 3 of 4
4. Wag vir oogtoets, vingerafdrukke, ens.
5. Na afhandeling van bovermelde, meld weer by Kassier 3 of 4 aan om 'n afspraak te maak
6. Indien toets suksesvol is, sal 'n verdere R140 betaalbaar wees vir die uitreiking van 'n nuwe rybewys

**HERNUWING VAN BESTAANDE RYBEWYS** *(ELKE 5 JAAR)*

1. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. 2 x ID-foto's
    c. R140 betaalbaar by aansoek
    d. Indien huidige lisensie reeds verstryk het, R45 vir tydelike rybewys
2. Vul afdelings A, B en D op groen vorm in (swart pen)
3. Doen aansoek by Kassier 3 of 4
4. Wag vir oogtoets, vingerafdrukke, ens.
5. Na afhandeling van bovermelde, meld weer by Kassier 3 of 4 aan

**VERVANGING VAN VERLORE RYBEWYS**

1. Vul wit "verlore dokument"-vorm in en volg hernuwingsprosedure soos hierbo uiteengesit.

**AANSOEK OM OPENBAREBESTUURSPERMIT** *(ELKE 2 JAAR)*

1. Vooraf:
    a. Om uitklaring van vingerafdrukke te bespoedig, betaal vereiste R70-gelde by enige tak van ABSA, FNB, Nedbank of Standard Bank
2. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. Geldige mediese sertifikaat (nie ouer as twee maande nie)
    c. 2 x ID-foto's
    d. Bewys van betaling van gelde vir uitklaring van vingerafdrukke
    e. R220 betaalbaar by aansoek
    f. Indien huidige OBP reeds verstryk het, R45 vir tydelike OBP
3. Vul afdelings A, B en D op geel vorm in (swart pen)
4. Doen aansoek by Kassier 3 of 4
5. Wag vir oogtoets, vingerafdrukke, ens.
6. Na afhandeling van bogenoemde, meld weer by Kassier 3 of 4 aan

**AANSOEK OM PADWAARDIGHEIDSERTIFISERING**

1. Bring saam:
    a. Identiteitsdokument / geldige Suid-Afrikaanse paspoort / verkeersregister-sertifikaat
    b. R135 vir motorvoertuig/sleepwa/karavaan

c. R165 vir vragmotor of bus
d. R55 vir motorfiets
e. In geval van 'n suksesvolle toets, R33 om padwaardigheidsertifikaat uit te reik

2. Voltooi eerste drie paragrawe van Aansoek om Padwaardigheidsertifisering (swart pen)
3. Doen aansoek by Kassier 2
4. Meld aan by Ondersoeker van Voertuie agter die gebou
5. Indien suksesvol, meld weer by Kassier 2 aan met voltooide vorm
6. NEEM KENNIS:
    a. 14 dae vanaf datum van betaling, ingeslote naweke, word vergun om enige fout reg te stel wat deur die Ondersoeker bespeur is.
    b. Padwaardigheid geldig vir 60 dae.

**AFHAAL VAN RYBEWYSE**

PERSOONLIK:

1. Bring saam:
    a. Geldige vorm van identifikasie (sien hierbo)
    b. Ou rybewys – laasgenoemde sal ingeneem en vernietig word
2. Meld aan by Kassier 3 of 4

NAMENS IEMAND ANDERS:

1. Bring saam:
    a. Brief wat deur lisensiehouer onderteken en gedateer is waarin hy/sy verklaar wie hy/sy gemagtig het om lisensie namens hom/haar af te haal
    b. Afskrif van beide die afhaler en die lisensiehouer se ID's
2. Meld aan by Kassier 3 of 4

**UITSTEL VAN TOETSAFSPRAKE VIR LEERLINGLISENSIES/RYBEWYSE**

1. In geval 'n aansoeker weens onvoorsiene omstandighede nie 'n voorafgereëlde afspraak vir 'n toets kan nakom nie, moet die kantoor asseblief twee dae kennis gegee word.

Die Verkeersafdeling is geleë op die hoek van Kort- en Mosselstraat, Hermanus.

**Kantoorure:**

Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae: 08:00 – 15:30
Woensdae: 08:30 – 15:30
Gesluit: 13:00 – 14:00